
SEPTEMBER 2025

HARVEST

Nuus | News

UITGAWE #13




# VEILIGHEID EN SEKURITEIT @ GOLDEN HARVEST

Neville Kurz (raadslid verantwoordelik vir Veiligheid en Sekuriteit) en Egmont Coetzee (Algemene Bestuurder) het met my oor hierdie belangrike saak gesels. Ons gebruik Custodia sekuriteitsmaatskappy, wat in die Magaliesburg omgewing  gebaseer is.

Daar is twee sekuriteitswagte by die hek, en een wat aflos en twee hondehanteerders en een wat hulle aflos. Almal werk 12-uur skofte waar wagte twee dae, gevolg deur twee nagte werk en dan twee dae af is. Die hekwagte beheer die in- en uitgang van inwoners, besoekers, kontrakteurs en personeel. Die hondehanteerders doen slegs nagskof en doen voetpatrollies met 'n opgeleide waghond op twee afsonderlike roetes aan die binnekant van die heining, en moet onderskeidelik 96 en 108 vaste klokpunte bereik. Hulle stap elkeen ongeveer 30 km per skof wat van 18:00 tot 6:00 duur. Indien daar tekens is van gepeuter met die heining of iets ongewoon word opgemerk, waarsku hy die maatskappy se beheerkamer en ondersteuning word na die oord gestuur. Neville en Egmont word ook in kennis gestel en die voorval word ondersoek. Indien iemand by die heining probeer inkom, gaan ‘n alarm by die hek af en dieselfde prodsedure word gevolg. Daar word elke oggend ’n prestasiegraderings-verslag vir elke wag wat patrollie gedoen het, na die kantoor gestuur.

**Baie dankie aan almal wat ‘n rol in ons veiligheid en sekuriteit speel.**




Daar is ook kameras by die sekuriteitshek wat elke voertuig wat die oord binnekom of verlaat, monitor. Dit is dus noodsaaklik dat voertuie by die ingang stop sodat die kamera die mense in die voertuig asook die registrasienommer kan optel.

'n Voetgangeringang en -uitgang is ook onlangs bygevoeg om sekuriteit te verbeter.

## VEILIGHEID IN U HUIS

Elke huis het 'n paniekknoppie wat gereeld getoets word. Indien 'n inwoner die knoppie druk, gaan 'n alarm by die sekuriteitshek af, en die wag aan diens sal die inwoner skakel om vas te stel of dit 'n mediese of ander probleem is. Die klinieksuster sowel as die bestuurder sal gekontak word en daar sal onmiddellik op die noodgeval reageer word. Dit is dus noodsaaklik dat u 'n spaarsleutel van u huis by die kliniek laat, sodat, indien daar geen antwoord is nie, hulle u huis kan binnegaan indien nodig. Dit is ook raadsaam dat 'n vriend of buurman 'n ekstra sleutel van u huis het en hulle in kennis gestel sal word indien u weg van die huis af gaan wees.

# NUWE VEILIGHEIDSUITLEG




## BLOKLEIERS

**BLOK A**
**NOORD-OOS**

Neville Kurz
(sekuriteit)
Andre Hanekom
Ben Lourens
Horst Kapitan
Jan Swiegers
Eric Beyl

**BLOK B**
**SUID-OOS**

Kurt Huber
Madaleen
Bronkhorst
Mike Milani

**BLOK C**
**NOORD-WES**

Geoff Todd
Antoon Schutte

**BLOK D**
**NOORD-WES**

Johan Kruger
Marcel Hoeksma
Hennie Schietekat
Cornel Olivier

## BLOKLEIERVERGADERING

Ons het verlede maand berig oor die nuwe komitee wat bestaan uit 'n groep vrywilligers wat as blokleiers sal dien om elk van die vier blokke waarin Golden Harvest verdeel is, te koördineer. Die blokleiers sal hulself aan elke inwoner in hul onderskeie blokke voorstel en sal dan as skakelpersoon tussen die inwoners in hul blok, en sekuriteit dien tydens 'n noodgeval. Die blokleiers sal ook opgelei word om bewus te wees van watter prosedures gevolg sal word in verskillende moontlike noodgevalle.



Een van die grootste bekommernisse is die verswakte sorgeenheid. Die blokleiers het die kliniek besoek om moontlikhede rakende veiligheid en sekuriteit en prosedures te ondersoek wat in 'n noodgeval gevolg sal moet word. Die verskillende uitgange van die kliniek is bespreek en daar is ooreengekom dat die uitgang aan die kant waar die kapel geleë is, verander sal moet word om moontlike ontruiming te vergemaklik.

Die blokleiers sal maandeliks vergader en hul groep op hoogte hou, indien nodig.








**Aan almal wat die fondsinsamelingspan ondersteun het met skenkings van huishoudelike artikels, gehelp het gedurende die twee dae van uitpak en verkope en ook die wat items gekoop het, wil ons 'n groot DANKIE sê. Die Wit Olifantverkoping was weereens 'n reuse sukses. 'n Bedrag van R 17638 is ingesamel. Welgedaan!**

# COUNTRY PHARMACY

# OPEN 7 DAYS A WEEK




## The Country Pharmacy Crossword Challenge



**DOWN:**

1. Medical professional who diagnoses and treats
2. What you place on WhatsApp to get your meds
3. Written instructions from your doctor for medicine
6. Nutrient supplement often taken daily
7. Liquid medicine for coughs
8. Given by needle
9. Flows through your veins
11. Assists doctors and cares for patients
12. Overall state of fitness and life

**ACROSS:**

4. Place where you collect your medicines
5. State of being healthy and happy
10. Relieves aches
13. General term for drugs used to treat illness

## Feeling Lucky? Win with COUNTRY Pharmacy!

- Win R250 in pharmacy credit every month – just complete the puzzle and WhatsApp your entry with your contact details.
- Submit your photo before Month-End to qualify.

Terms and conditions apply.

072 680 4283
Country Pharmacy,
Rustenburg Rd,
Magaliesburg, 1791,
South Africa

**SCAN TO WHATSAPP**

# Van die Redakteur

## Lente

Lente was vroeg vanjaar ...

Barbertonmadeliefies bars
onder my kamervenster
in helder rooi-oranje vlamme uit
en die heining is oortrek
met giggelgeel banksiarose.
Die pienk bottelbrush se blomme
wuif vrolik in die wind.

Voor die agterdeur staan die mayflower
in volle bruidsgewaad,
terwyl die geur van jasmyn en sering
swaar hang in die lug.
By die begraafplaas huil die bloureën
donkerpers trane op jou graf.

Op negentien September
is dit skielik weer winterkoud
want vandag is jou verjaardag -
en ek mis jou ...

Tog bring die reënboog van kleure
die boodskap van oor begin:
die hoop op 'n nuwe lewe.

19 September 2016

*Madaleen*

## KOMPETISIE



Wenner van die Lifestyle & Harvest Nuus kompetisie ter waarde van R250:

Lizette Kruger
eenheid 86

## ONS VERWELKOM



**Ken en Trynie Mann**
Baie welkom aan ons nuwe inwoners in eenheid 50.
Ons hoop julle sal baie gelukkig by Golden Harvest wees.

**AUGUSTUS REËNV**

2024: 0 mm
2025: 0 mm

Bygedra deur Flip van der Merwe

## Welkom terug Cornel!



Dit is met groot vreugde en dankbaarheid dat ons Cornel Olivier terugverwelkom. Ons het jou baie gemis en sal aanhou bid vir 'n volkome herstel.

MAGALIES ROCKS THE CRADLE

We ❤ Magalies

Die pragtige Golden Harvest Bemarkingspan onder leiding van Lydia Lourens Rocked the Cradle by Galloway Gardens. Let op die pragtige nuwe Golden Harvest Gazebo.





# madaleen besoek

## Erna Vosloo

Erna Barnard het in Krugersdorp saam met drie susters en 'n broer grootgeword. Haar pa hetsy eie vervoermaatskappy gehad en as kind het sy dikwels haar pa vergesel wanneer hy die groot vragmotors bestuur het. Hy was haar held en toe sy maar 10 jaar oud was, kon sy reeds 'n groot vragmotor bestuur en sy het steeds 'n kode 14-bestuurslisensie.

Toe sy 15 jaar oud was, in Jan de Klerk Hoërskool, het 'n gesprek met 'n mede-leerder oor die onderhouding van die Bybelse Sabbat op Saterdag, die sewende dag van die week, in plaas van 'n Sondag soos alle kalenders voorstel, haar aangespoor om die Bybel te bestudeer en sy het begin om tydskrifte en boeke oor die onderwerp te lees.

Terwyl sy eendag in die straat afstap, het sy 'n geskeurde bladsy uit 'n ou tydskrif, "*The Plain Truth*", opgetel waar sy 'n advertensie van 'n kollege in Pasadena, Kalifornië, gesien het waar verskillende teologieë bestudeer kon word. Sy het aansoek gedoen, maar is afgekeur weens sanksies teen Suid-Afrika in daardie jare. Hulle het haar aangeraai om in Engeland aansoek te doen, en omdat haar punte op skool nie meer as gemiddeld was nie, moes sy verskeie toetse slaag voordat sy uiteindelik by die Theological Ambassador College in Engeland aanvaar is.








Na skool het 'n baie jong en bevreesde Erna in Engeland aangekom, maar sy was vas-beslote om te slaag en is in 'n koshuis saam met meisies van verskillende nasionaliteite opgeneem. Die Dekaan van Studente, dr. Martin, het haar eenkeer in haar eerste jaar na sy kantoor geroep en na 'n gesprek gevra of sy na hul kinders sou kyk wanneer hy en sy vrou saans uitgaan. Sy het ingestem, en na 'n paar maande, toe hy vir verdere studies in Israel gegaan het, het die paartjie haar gevra om by hul gesin aan te sluit as 'n au pair vir hul kinders. Sy het die geleentheid aan-gegryp, en benewens die ontwikkeling van 'n belangstelling in argeologie, het sy ook lesse in Hebreeus en Grieks gekry.

Terug in Engeland, weer deur middel van haar Samaritaan, dr. Martin, het sy die geleentheid gekry om na Amerika te gaan as fasiliteerder by 'n somerkamp vir tieners in Pasadena en Texas. In 1972 het sy haar BA-graad in Teologie verwerf en na Suid-Afrika terug-gekeer.

Sy het haar ouers gereeld besoek en eenkeer het sy hul vriende, Christo en Sannie, boere van Heilbron, ontmoet. Sy het gou vriende geword met Sannie, maar Christo was 'n introvert en sy het hom nie goed leer ken nie. Sannie is toe met kanker gediagnoseer en is later oorlede.

*Blaai asseblief om*

### Vervolg van die vorige bladsy

Christo het Erna se ouers steeds besoek en eenkeer, toe sy ook daar was, het hy motorprobleme gehad. Aangesien dit Erna se sterk punt van kleins af was, het sy ook na die motor gaan kyk. Hul oë het oor die vergasser ontmoet, en hulle was dadelik verlief. Hulle is getroud en sy het saam met hom plaas toe getrek en gou het die stadsmeisie alles van boerdery geweet. Nadat Christo siek geword het, het hulle die plaas verkoop en teruggetrek Krugersdorp toe, waar hy oorlede is. Haar pa is ook later oorlede aan 'n longsiekte, as gevolg van mynstortingsand wat sianied bevat van sy vragmotorbestuurdae - dieselfde siekte waar mee Erna tans worstel.

In daardie stadium het Erna, 'n uitstekende sportvrou, aan 'n rolbalkompetisie by Golden Harvest deelgeneem, waar sy van die Verswaktesorgeenheid hier te hore gekom het.

Sy het 'n plekkie vir haar ma, Gertie Barnard ('n baie goeie contralto-sopraan wat in haar jonger dae sanglesse saam met Mimi Coertze gegeneem het het), in die kliniek gevind.

Erna het haar ma gereeld besoek, en sy het 'n eenheid in die oord gekoop waar sy steeds woon. Erna spandeer 6-8 uur op 'n Saterdag om die Bybel te bestudeer, het 'n volledige rekord van alle inwoners wat ooit in Golden Harvest gewoon het en het ook 'n omvattende geskiedenis van die oord geskryf.

Ons almal ken Erna as die barmhartige Samaritaan (albeit baie streng) in Golden Harvest, wat altyd bereid is om te help. Sy is steeds lief vir bestuur en vervoer inwoners dikwels met die Golden Harvestbus.

Dankie, Erna, ons waardeer jou.




**Erna en haar geliefde pa op haar troudag**



Golden Harvest vriende ontmoet in Nieu-Seeland vir koffie! Veilig reis. Ons is jaloers!

## Opgraderings





# BOOM VAN DIE MAAND

DEUR LENA VROOM

## Ptaeroxylon obliquum (Nieshout)



'n Algemene boom uit die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal en kan voor eenheid 25 gesien word. Die blomme is geel en die boom is baie mooi wanneer dit in volle blom is. Die geslagte is afsonderlik op verskillende bome. Die hout is baie hard en swaar. Dit maak pragtige meubels, maar is moeilik om te hanteer aangesien die saagsels 'n olie bevat wat erge nies veroorsaak. Dit word ook as heiningpale en spoorweg-dwarslêers gebruik.





# Ons neem AFSKEID

en wens julle alles van die beste toe.



**Issie Siemens, wat vir meer as 30 jaar 'n inwoner was, het na Rustenburg verhuis.**



**Bruno en Pam Hartmeier wat vir 7 jaar deel was van Golden Harvest, het na Krugersdorp verhuis.**

## Gholf

N

S

En ... die wenners van die Noord-Suid kompetisie is ... SUID!!



# NUWE BIBLIOTEEK BOEKE




## BOEKRESENSIE






**Hennie Schietekat** het hierdie maand *Dwelm* deur *Rudie van Rensburg* vir ons geresenseer.

*Dwelm* is 'n speurverhaal wat in die Kaap afspeel. Kaptein Kassie Kasselman en sy kollega adjudant Rooi Els word aangesê om die moord op twee afgetrede speurders te ondersoek. Die moord het by 'n dam naby die Paarl, waar die twee oud-polisielede visgevang het, plaasgevind. Aanvanklik word vermoed dat diefstal die motief van die moord was. Kassie dink egter dat wraak die motief kan wees. Hy en Rooi begin dan alle sake te ondersoek waarby die twee vermoorde polisiemanne vroeër by betrokke was.

'n Dwelmbende waarby 'n grootkop van 'n maatskappy betrokke is, sorg vir baie aksie en intrige. Groot drama speel af wanneer Kassie se verloofde uitvind dat hy haar seun, wat by die dwelmbende betrokke is, beskerm. Dit hou natuurlik niks goeds vir hulle verhouding in nie.

Baie gevloek en 'n mengelmoes van tale, eg aan die Kaapse Vlakte, herinner sterk aan Deon Meyer se boeke. Die skrywer smokkel met die leser se kop deurdat hy jou van een verdagte na die ander lei en jy later nie meer weet wie om te verdink nie.

Uiteindelik word die moordenaar vasgetrek en ontvang Kassie lofprysinge van sy brigadier Shaheen Fortuin vir sy knap speurwerk. Die liefde blom weer toe Kassie se verloofde tot haar sinne kom en Kassie en haar seun vergewe oor al die liegstories om haar seun te beskerm.

Dwelm is 'n aksiebelaaide speurverhaal wat die leser die heeltyd aan die raai hou.

# Kollig op Stokperdjies

## JOHAN KRUGER
## KUNSWERKE UIT HOUT





Johan se liefde vir penne het baie jare gelede as ‘n eenvoudige versameling begin en het stadig gegroei tot iets baie meer betekenisvol. Sy belangstelling in houtwerk het hom in aanraking met mense wat hul eie penne maak, gebring. Dit het die gedagte laat ontstaan: hoekom probeer ek dit nie self nie? Daardie oomblik was die begin van 'n stokperdjie wat sedertdien 'n ware passie geword het.

Johan geniet dit om met ongewone stukke hout te werk en dit nie net in penne nie, maar ook in lampstaanders en vase te omskep. Elke stuk hout het sy eie storie, en hy vind plesier daarin om dit nuwe lewe te gee.

Hy het die kuns van pennemaak by ‘n vakman, wat nou ’n winkel in Randburg bedryf, geleer – Johan besoek die plek nog gereeld om die spesiale knippies, hervullings en ander komponente wat sy penne bymekaarbring, te verkry.

Oor die jare het hy sy eie versameling spesialisgereedskap opgebou, insluitend 'n kleiner draaibank wat hy as geskenk gekry het toe hy die polisiemag verlaat het. Daardie draaibank het nou 'n spesiale plek in sy werkswinkel en help hom om klein blokkies hout in iets nuttigs en moois te omskep.

Die proses self is een van sorg en geduld. 'n Kort stukkie hout word op die draaibank geplaas, die gladde kurwes van 'n pen word gevorm en dan versigtig geskuur en geseël. Johan gebruik dikwels was, olie of selfs supergom om die hout te beskerm en die natuurlike glans na vore te bring. Laastens word die komponente saam-gevoeg, elkeen met presisie gepas, totdat die pen voltooi is.

Hierdie pen is van Purple Heart-hout gemaak - die ryk kleur en gepoleerde afwerking daarvan herinner hom daaraanaan hoekom hy in die eerste plek versot geraak het op hierdie kuns.

Vir Johan is elke pen meer as net 'n voorwerp - dis 'n stukkie vakmanskap, 'n storie vasgevang in hout.









## Ohana

**beteken ons is familie. Niemand word agtergelaat nie. So was die gees toe ons die musiekblyspel ‘*Joseph and His Amazing Technicolour Dreamcoat*’ in Montecasino gaan kyk het. Sluit volgende keer by ons aan op hierdie uitstappies, daar sal na jou omgesien word!**

